

Gereformeerde Kerk Bellville – 9 September 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 27:1, 3 (p. 126)

- 1 God is my lig, my heil; ek sal nie vrees nie; / Hy is die HEER wat hulp verskaf in nood;
my lewenskrag, 'k hoef nie vervaard te wees nie, / want by die HEER is uitkoms teen die dood.
As bendes my omring, 'n wilde hoop / in woeste vaart op my kom aangeloop,
dan struikel hulle wat my vlees wou eet, / en stort terneer omdat hul God vergeet.
- 3 In tyd van onspoed is U my bevryder; / U berg my in die skuilplek van u tent.
Hoog, op 'n rots, staan ek bo my bestryder, / U het my pad deur dieptes heen gewend.
Dus bring ek U my offers van geklank, / en sing, o HEER, u Naam 'n psalm van dank.
O hoor my stem wanneer ek tot U skrei, / wees my genadig tog en antwoord my!

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 48:1, 4 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 119:1, 2 (p. 585)

- 1 Salig wie in hul opregtheid / wandel in die HEER se wet,
wie Hom soek van ganser harte / en op sy getuig'nis let.
Salig dié wat in hul wandel / nie op onregspaaie gaan,
maar wil wandel op die weë / in Gods wet vir hul gebaan.
- 2 Dis u wil dat ons u woorde / in getrouheid sal betrag.
Kon ek maar, ek sou 't van harte. / HEER, verleen U my die krag!
Ag, was tog my voet maar vaster, / dat ek van die spoor nie dwaal
in u wet my voorgeteken, / en geen skande oor my haal!

Gebed

Psalm 27:4, 6 (p. 127)

- 4 My hart sê my, omring deur donkerhede: / "O soek die HEER, die bron van lig en krag."
Ek soek u aangesig in my gebede; / verberg dit nie wanneer ek op U wag.
Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER, / die glans van u genade nooit ontbeer.
U is my hulp, die God van heil op wie / ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!

- 6 As ek op aard, deur soveel smart omgewe, / omring deur droefenis en dood en rou,
nie meer sou glo dat ek in hierdie lewe / die goeie van Gods hand nog sal aanskou –
dan het ek lankal in my druk versmag. / Wees sterk, my siel, wees altyd sterk en wag!
Die HEER sal hoor en op jou roepstem merk, / Hy sal jou weer met nuwe krag versterk.

Skriflesing: Matteus 6:1-18

Kernverse: Matteus 6:5-8

En wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te staan en bid, om deur die mense gesien te word. Voorwaar Ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het. Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde. En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word. Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra. (Matteus 6:5-8 AFR53)

Tema: Die gelowige bid om God te soek en Hom te aanbid

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, gebed is die vernaamste of belangrikste deel van 'n gelowige se dankbaarheid teenoor die Here vir al die genade wat Hy skenk. Daarom is ek oortuig dat elke ware gelowige in hierdie gemeente nog bid. Party mense bid meer en mooier en langer as ander mense. Party mense is ongemaklik om voor ander mense te bid. Gelowige ouers leer hulle kinders om te bid. Maar hoekom bid ons? U sal nou kan vra, maar watter soort vraag is dit? Die Here ons God vereis dat ons sal bid. Jesus het ons geleer om te bid.

Dit is goeie antwoorde wat 'n kind in katkisasie ook sal gee. Maar die vraag word nie maar net gevra om 'n goeie katkisasieantwoord te kry nie. Die bedoeling met die vraag is om agter te kom wat ons wil bereik wanneer ons bid. Dit gebeur op elke terrein van ons lewe dat ons leer om iets te doen. Naderhand raak 'n mens heel vaardig met wat jy geleer het en jy hou maar net daarmee aan. Dit gebeur maar min dat 'n mens net weer stilstaan en vra: Hoekom doen ek dit en hoekom doen ek dit so? So gebeur dit dat gelowiges ook gewoon raak om dinge in hulle geloofsluwe of in 'n erediens te doen sonder om weer krities te beoordeel wat hulle doen.

Ons Gereformeerdes sê mos nog altyd dat 'n Gereformeerde kerk altyd reformeer. Om te reformeer beteken dat 'n mens alles wat jy doen, ook jou godsdienstige pligte, baie goed bekijk in die lig van die Here se Woord. En as ons iewers afgewyk het van wat die Here van ons verwag, moet ons terugkeer na wat die Here in sy Woord beveel. Ons Skrifgedeelte vanoggend lei ons om krities te kyk na ons gesindheid wanneer ons bid.

Broers, susters en kinders, in die bergrede wys Jesus twee slaggate uit wanneer dit by gebed kom. Die een slaggat is hoe die Fariseërs die doel van gebed misbruik het. In plaas daarvan dat hulle bid met die bedoeling om God te eer, het hulle eerder gebid sodat mense hulle moet eer. Die tweede slaggat is die wyse waarop die heidene die aard van die gebed verwing het. Om te bid beteken dat 'n mens opreg en persoonlik tot God nader en nie om maar net 'n klomp woorde af te rammel nie.

Jesus noem die Fariseërs steeds die geveinsdes of skynheiliges. Hulle is mense wat van die wêreld 'n verhoog maak en toneelspeel. En dan gebruik hulle godsdienstige handeling

om hulleself anders voor te doen as wat hulle regtig is. Hoor hoe begin Jesus: Die geveinsdes hou daarvan om te bid. Dit is tog 'n baie mooi getuigenis van die Fariseërs, want dit is mos reg en goed om gereeld te bid. Daniël, die getroue dienskneg van die Here, het tot drie maal op 'n dag tot die Here gebid. So het baie Jode wat toegewy aan die Here geleef het, ook gedoen.

Die geveinsdes hou daarvan om te staan en bid. Om te staan en bid, is ook nie verkeerd nie. In ons Afrikaanse kultuur staan 'n mens tog uit eerbied en respek vir iemand wat jou meerdere is op. Daarom is dit mos uit respek en eerbied vir God dat 'n mens staan en bid. Die geveinsdes hou ook daarvan om op die straat te staan en bid. Sommige van ons sal miskien ongemaklik wees om sommer op straat te staan en bid. Maar ons sal nie kan sê dat dit verkeerd nie. As 'n mens op straat bid om daarmee te erken dat God ook seggenskap het oor my allesdaagse lewe is dit goed. Ons erken mos dat die Here nie net seggenskap in die kerk of in Bybelstudie het nie. Hy het mos ook 'n sê oor hoe ons besigheid doen, sport beoefen en motor bestuur.

So, op die oog af was die Fariseërs nie verkeerd om daarvan te hou om op straat te staan en bid nie. Jesus se beoordeling van die Fariseërs se gebede gaan dieper as wat 'n mens kan sien. Hy sien die hart en gedagtes van die een wat bid raak. Daarom sê Jesus dit skerp en op die man af: Die skynheiliges bid, nie omdat hulle vir God liefhet en aan Hom die eer wil bring nie. Inteendeel, hulle hou daarvan om in die sinagoges en op straat te staan en bid sodat die mense hulle moet sien. Hulle gebede in die sinagoges en op straat is nie regtig 'n uitdrukking van hulle verhouding met God nie, maar eerder 'n uitdrukking van die liefde wat hulle vir hulself het. Agter hulle kamtige godsdienstige vroomheid was hulle trots lewens-groot. Hulle het nie vir God gesoek en Hom aanbid nie, hulle het die toejuiging van die mense gesoek.

Geliefdes, hierdie skynheilige manier van bid het nog glad nie uitgesterf nie. Hoeveel keer het dit nie al gebeur dat 'n vergadering of byeenkoms met gebed begin, maar as alles eers op dreef is, sal 'n mens nooit kan sê dat daardie vergadering met gebed geopen is nie. Mense kwets en beledig mekaar of neem besluite op die vergadering wat glad nie bedoel is om God te verheerlik nie. Waarom is daar dan nou gebed? Net om voor te gee om gelowig te wees? Dan het daardie gebed mos geen sin nie behalwe dat die Here beledig en misbruik is vir 'n mens se eie voordeel.

Net so kan 'n mens eredienste bywoon om vir jouself die reputasie op te bou dat jy 'n godsdienstige mens is. So het die Fariseërs ook gemaak, sê Jesus. Hulle kul weduwees uit hulle huise uit en vir die skyn staan hulle en sê lang gebede op (Luk 20:47), net sodat die weduwee se saak by die regter swak moet lyk. Die regter het die Fariseër mos gesien waar hy staan en bid en afgelei dat dit tog 'n godsdienstige mens is; hy sal mos nie so hard wees en 'n arme weduwee uit haar huis uit kul nie.

Moet 'n mens nou ophou om vergaderings met gebed te open en moet mens nou van die erediens af wegbly om nie as 'n skynheilige beskou te word en die Here te beledig nie. Nee, dit is nie wat die Heilige Gees ons leer nie. Ons moet reformeer. Ons moet ons van ons verkeerde manier van doen bekeer en ons gesindheid verander. Om God te aanbid is prysenswaardig. Maar wanneer 'n mens gebede gebruik sodat mense baie van jou moet dink, misbruik jy die gebed. Dit is nie meer 'n gebed nie, maar 'n manier om jouself ten toon te stel. Dit is vermetel om gebed wat die Here gegee het te gebruik om applous van mense te ontvang.

Gaan in jou kamer in en sluit jou deur, sê Jesus. Niks mag jou hinder wanneer jy persoonlik tot die Here in gebed nader nie. Maak jou deur toe sodat nuuskierige oë jou nie kan sien nie. En bid tot jou Vader wat in die verborgene is. Hy wil hê jy moet met Hom praat. Hy wag vir jou. Hy roep ons om ons hart aan sy voete uit te stort. Dit is verrykend vir 'n mens se geloof en gemoed om te weet dat in gebed jy persoonlik voor die almagtige God kom en jy mag met die Skepper van hemel en aarde praat.

'n Egte gebed is bedoel om God op te soek. Gebed is 'n gesprek met God wat deur God self begin is. In gebed soek ons die Here op oor wie Hy is. Hy is die Skepper, Hy is die Here, Hy is die Regter en Hy is ons hemelse Vader deur Christus Jesus ons Verlosser. In ons persoonlike gebede soek ons die Here op om voor Hom in nederige eerbied, vertroue en liefde neer te buig. Jesus het in sy persoonlike gebede ook eenkant, alleen gegaan. Selfs toe Hy in Getsemane al ver op die lydenspad in ons plek geloop het, het Hy eenkant gegaan om alleen sy Vader se aangesig op te soek. Persoonlike gebede is om God op te soek en met Hom alleen gemeenskap te hê.

En jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon. Watter beloning gee God? As jy in gebed Hom aanroep as Vader, getuig die Heilige Gees saam met jou gees dat jy kind van God is. Jy kry die versekering dat die almagtige God jou hoor en Hom nie doof sal hou vir sy kind se gesmeek nie. Hy laat sy aangesig oor jou skyn, Hy verkwik jou siel. Jy kan jou sorg en kommer vir Hom noem en Hy sal daarna omsien nog beter as wat jy kon gedink het om van Hom te vra. Jesus Christus wat sy lewe vir jou afgelê het, waarborg dit.

Jesus gaan verder. Ons moenie net versigtig wees vir die skynheiliges se manier van bid nie. Ons moet ook bedag wees op die heidene se manier van bid. Hulle gebruik 'n ydele herhaling van woorde. Nou moet ons eers dit sê: Jesus sê nie dat ons nie oor en oor vir dieselfde ding bid nie. Ons mag in gebed na gebed vir dieselfde saak tot die Here bid. Paulus sê ook dat hy by herhaling die Here gesmeek het om hom van die doring in sy vlees te verlos. Maar laat ons nie sondaars as voorbeelde gebruik nie. Jesus ons Here het in Getsemane drie maal na mekaar dieselfde gebed tot sy Vader gebid en elke keer het Hy ernstig tot sy Vader gesmeek.

Dit gaan dus nie oor die herhaling van gebede nie, maar oor ydele woorde in die gebed. Ydel is leë en niksseggende woorde. Met ander woorde, dit is om gedagtelos te bid. Jou mond sê die woorde, maar jy ken die woorde al so goed dat jy dit maar net sê sonder om mooi te besef wat jy in die gebed sê. Sulke woorde val sommer so uit 'n mens se verstand uit en word nie in 'n gelowige hart gebore nie.

Nou weet ons mos waar ons ten opsigte van hierdie saak staan. Dink maar aan ons gebede aan tafel. Ons ken daardie tafelgebed al soos 'n rympie. Ons resiteer die woorde wat ons al honderde kere gebid het. Die woorde kom outomaties oor ons lippe en ons dink nie meer regtig na oor wat ons sê nie. Die tafelgebed word dan net 'n formaliteit wat ons eers moet afhandel voordat ons kan eet. So 'n gebed beteken niks meer nie en is 'n gruwel vir die Here, want jou lippe het met Hom gepraat maar jou hart en gedagtes was nie betrokke by jou gebed nie.

Jesus waarsku ons dus teen die gedagtelose gebede, maar ook soos die Nuwe Vertaling dit het, teen *eindelose gebede*. Dit is gebede waarvan 'n mens dink dat die bidder van amen vergeet het. Dit is 'n meganiese gepraat soos 'n grammofoon, letterlik 'n stortvloed van woorde. Dit is nie die baie woorde wat gebid word, wat sal maak dat God 'n mens se gebed verhoor nie, sê Jesus.

Jesus leer hierdie dinge vir sy dissipels en waarsku dat hulle nie soos die heidene moet wees nie. Hoe trap Christene dan in hierdie slaggat? Ons het nou al een voorbeeld genoem – die tafelgebed. Maar dit kan ook in die erediens gebeur. Die gebede in die erediens is die hele gemeente se gebed wat deur die voorganger in die erediens verwoord word. Daarom, wanneer iemand in die erediens voorgaan in gebed, behoort almal saam te bid. Dit beteken dat ek nie aan vanmiddag se middagete kan dink tydens die gebed nie. Ek moet aandagtig luister terwyl daar gebid word sodat ek saam met die voorganger *amen* kan sê.

Jesus sluit hierdie deel van sy onderrig oor die gebed af deur te sê dat sy dissipels nie soos die heidene moet word nie. Ons Vader wat in die hemel is, weet wat sy kinders nodig het, nog voordat hulle Hom vra. Ons glo nie in 'n God wat doof is of op reis gaan of 'n bietjie gaan slaap nie. Ons hoef nie ons Vader in die hemel met lang gebede te oorreed en selfs te probeer dwing om na ons te luister nie. Deur Jesus Christus is God ons Vader en weet wat ons nodig het. Hy is nie onbewus van ons behoeftes en nood nie, daarom is dit nie nodig dat ons Hom moet beveel asof Hy nie geweet het wat om te doen nie. Hy is ook nie teësin om na sy kinders om te sien nie, daarom hoef ons nie sy arm te draai nie.

Nou kan iemand sê: Maar as ons hemelse Vader weet wat ons nodig het, is dit dan nog nodig om te bid? Aangesien gebed nie bedoel is om iets vir die Here te vertel wat Hy nie sou geweet het nie, is gebed bedoel om ons op te wek om die Here te soek en van Hom versterking vir ons geloof te vra. In gebed oordink ons God se beloftes. Wanneer ons met die almagtige God in gebed praat, neem Hy deur sy Gees al ons angste en kommer van ons af weg omdat ons dit vir Hom vertel. En die Here stort deur sy Gees vrede, wat alle verstand te bowe gaan, in ons harte uit sodat ons kan *amen* sê. Gebed is daarom nie vir God nodig nie, maar vir die gelowige is dit van die uiterste belang.

Om ons te keer dat ons skynheilig word met gebede, leer Jesus ons dat die gebed nie aan ons gegee is om mense te beïndruk en hulle te laat dink dat ons baie godsdienstig is nie. Omdat ons God liefhet en Hom deur Jesus ken as ons hemelse Vader, soek ons sy aangesig in gebed om naby Hom te wees. Buiten God is daar niks goed vir ons nie. Om te keer dat ons soos die heidene van God dink, leer Jesus ons om te bid met woorde wat opreg in 'n gelowige hart gebore word. In 'n paar woorde kan die sondaar sy hart geheel voor die Here uitstort en Hy sal daarop ag slaan. Hy wil ter wille van sy Seun Christus ons gebede verhoor en aan ons vrede gee.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 142:1, 2, 5, 6 (p. 686)

- 1 Ek roep tot God met groot geluid; / ek stort my klag soos water uit;
ek klaag my node in Gods oor, / want Hy sal my gebed verhoor.
- 2 Wanneer my gees van druk versmag, / ken U my pad in lydensnag.
Hul het hul vangnet, HEER, vir my / arglistig op my weg gesprei.
- 5 Hoor in die nood my roepstem, HEER, / want ek is swak en uitgeteer;
maak my van my vervolgers vry, / want hul getal oorweldig my.
- 6 Voer my uit die gevangenis / waarin my siel gekerker is;
dan sal 'n skare my omring / en vrolik van u weldaad sing.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 59:1 (p. 289)

- 1 Red my, o God, wil my bewaar! / Die vyand kom, 'n sterke skaar.
Neem my tog in u hoede en wag / vir teëstanders en hul mag;
die manne wat net onreg werk, / is in hul bloeddors my te sterk.

**Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
9 September 2018**